AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 11

13 – 17 JULIE 2020

MAANDAG

Lees die stuk 2 keer

Hiep, hiep hoera!
Die vakansie is hier!
Ons maak vuur op die strand,
wat hoog en helder brand.
Dis niksdoen en slaap,
as ons kuier by die see.
Ons vang graag vis op die kaai
terwyl die meeue bokant ons koppe raas en draai
Ons maats lag en kuier
tot laat in die aand.
Daar is talle boeke om te lees,
wat 'n wonderlike fees!
Ons ry lang ente met ons fietse
na bekende geboue en plekke.
Ons besoek winkels wat oorloop
van geskenke om te koop.
Maar nou's die vakansie verby
en die lekkerste vir my
is om terug te wees by die skool –
saam met my maats – so by my kool!
GJM

Volg die instruksies

1. Kleur die skuur bruin in met 'n rooi dak.
2. Omkring die boer met groen.
3. Teken 3 kuikens voor die skuur.
4. Trek 'n kruis oor die middelste hooibaal.
5. Teken 'n haan bo-op die dak van die skuur.
6. Verbind die trekker met die eerste hooibaal.
7. Kleur die varkie pienk in.

DINSDAG

4 Ek bestyg die harige stam en wens dadelik dat ek eerder my tekkies aangetrek het. Reënstewels is nie juis die beste keuse wanneer jy 'n Harige blinkblaar-wag-'n-bietjieboom probeer klim nie, al help hulle om jou teen die geniepsige weerhake te beskerm wat jou probeer teëhou.

5 Nog net die laaste entjie. Versigtig seil ek nader aan my doelwit aan die punt van die skraal tak. Met my hande styf om die stam geklem fluister ek die tradisionele formule: "Edele Blinkblaar-wag-'n-bietjie, koning van die bome!" Alle Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioene sê dit voordat hulle 'n vruggie pluk, uit respek vir die boom. My pa sê selfs meneer Bosman het dié gewyde woorde geuiter. En as dit hom gehelp het om soveel Blinkblaar-wag-'n-bietjie-veldslae te wen, wie's ek om te stry? Ek kan al die oorwinning proé.

Begrip

1. Omkring die beste keuse om die volgende sin te voltooi. **(1)**

Die hoofkarakter se naam is:

1.1 Davey

1.2 Makgalo

1.3 Ryno

1.4 Mnr. Bosman

1.5 Nie een van bogenoemde nie

2. Is die volgende stelling waar of onwaar? **(1)**

Die *Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioen* van die afgelope twee seisoene klim in 'n boom. _____

3. Wat is die doel van die Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioenskap? **(2)**

_____

_____

4. Wat moet deelnemers aan die kampioenskap vir die boom sê? **(1)**

_____

_____

WOENSDAG

Lees instruksies en teken dit

Teken die prent

Jan het visse in sy kamer.

In die vistenk is bruin sand en 3 groen plante.

Twee visse bly in die vistenk.

Jan hou van visse.

Volg die onderstaande instruksies deur die antwoorde op die kaart te merk:



Instruksies

1. Kleur Ruth se huis geel in.
2. Plak vir Dawid by sy huis.
3. Kleur die skool rooi in.
4. Omkring Adri se huis met pers.
5. Knip die wipplank uit en plak dit regs van die skool.



Skryf die roete neer wat Ruth sal loop om by Dawid se huis uit te kom.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

DONDERDAG



Kom ons lees saam.

Die weer.

Blapsie die blonde muis loer by haar huis uit.

Haar huis is 'n blink blikkie.

Sy maak haar huis mooi met blomme en blare.

Sy is baie bang as die weerlig buite blits en die hond begin blaf.

Vandag blok die koue blou wolke die son se warm strale.

Alles lyk maar bleek en koud.

Blapsie besluit om maar eerder binne in die huis te bly.

Kies die korrekte woord

Homofone is woorde wat dieselfde klink, maar hulle verskil in spelling en betekenis.

Lees die volgende sinne en onderstreep die regte woord.

1. Die (haal/ hael) lê spierwit op die gras.
2. Die man (lei / ly) die donkie met 'n tou.
3. Ek gaan (haal / hael) my skoene.
4. Die (rys / reis) is gaar.
5. Die blokkies is (seine / syne).
6. My pa werk baie (hart / hard) om vir ons te voorsien.
7. Ek het 'n lang (graad / graat) in die vis gekry.
8. As mens baie geld het is jy (reik / ryk).

VRYDAG

Lees die stuk 2 keer en beatwoord dan die vrae.

Kom ons lees saam.

Eendag op 'n reëndag.

Sarel Seekoei is die oudste kind in die Seekoei-gesin. Hy het twee jonger boeties en een klein sussie. Sarel en sy ma bakkie gereeld oor die werkies in en om hulle dammetjie-huis. Daar word van Sarel verwag om sy twee boeties te help met huiswerk en nog sy sussie op te pas. Omdat hy almal anders heeltyd moet help, kry hy nie tyd om sy eie huiswerk te doen nie en raas sy juffrou ook gereeld met hom.

Sarel se ma hou baie daarvan om vir ure in die modder te lê en klets met die ander seekoeie op die wal. Sy was baie lui en het altyd aan verskonings gedink om nie te hoef opstaan en gaan werk nie.

Een dag het sy weer so op die wal gelê en klets toe daar 'n erge storm begin opsteek het. Almal het vir haar gesê om te gaan skuiling soek van die weer, maar Sarel se ma was te lui om op te staan, net soos sy te lui was om haar kinders met hul huiswerk te help.

Dit het hard begin reën en die wind het gewaai, maar steeds het sy net daar bly lê. Eweskielik was daar 'n harde gedreun en knal geluid. 'n Weerligstraal het vir Mamma-Seekoei op die boud geklits. Sy het so groot geskrik dat sy dadelik opgespring het en na hul huis gehardloop het.

Sarel en die ander kinders was nog besig met huiswerk toe Mamma-Seekoei daar ingehardloop kom, heeltemal uitasem. Al die kinders was doodstil en het haar met groot oë aangekyk. Uiteindelik het Sussie-Seekoei uit haar mooie begin lag en gesê: "Pappa-Seekoei het net laas week gesê dat Mamma-Seekoei seker eendag op 'n reëndag sal huis toe hardloop om ons te kom help met huiswerk".

Al die seekoei kinders het vir Sussie-Seekoei verbaas aangekyk en toe ook hard begin lag, selfs Mamma-Seekoei het begin lag. Van daardie dag af het Mamma-Seekoei maar min op die wal saam die ander seekoeie gelê en klets. Sy het eerder by haar kinders gebly en saam hul gelag en speel.

Begrip: Eendag op 'n reëndag

Antwoord die volgende vrae nadat jy die storie op die vorige bladsy gelees het.

Waarom het Sarel by sy juffrou raas gekry?

Hoe dink jy het Sarel gevoel as hy sy ma se werk moes doen en dan nog daaroor raas kry? Antwoord in volsinne asseblief.

Wat dink jy beteken die woord "klets"?

Hoeveel kinders is daar in die Seekoei gesin?

Is dit 'n goeie of slegte eienskap om lui te wees? Verduidelik waarom jy so sê.